PULSE TIENERKAMP

Ons nooi alle Tieners Gr. 7 -12 uit om saam te kamp **13-15 Oktober te Kleinmond**.

Ouers is welkom om saam te kamp.
Ons benodig ook hulp met vervoer asb.
Die kamp beloop **R400 per tiener.**

Baie dankie vir die borg vir die 4 tieners van die kinderhuis.

Vir meer inligting kontak gerus vir
ds. Jana Dickason by (021) 975 6370 / 082 614 1728

GEBED VIR DIE WÊRELD
(vanaf die Bybelgenootskap)

Nieu-Seeland: Bid vir die ontwikkeling van Bybelhulpmiddels wat mense sal help om die Bybel met die jeug te deel. Bid vir al 20 vertalingsprojekte in hulle streek en dank die Here vir donateurs wat dit moontlik maak dat die Bybelgenootskap dit kan ondersteun.

Stille Suidsee: Bid vir die *Faith Comes By Hearing*projek asook vir die Tongaanse Bybelvertalingsprojek. Dank Hom vir die publikasie van die hersiene Tuvalu Bybel. Bid vir pogings om vroue en kinders op al die verskillende eilande met die Woord te bereik. Bid ook vir die projek om Sondagskoolonderwysers op te lei.

Papoea-Nieu-Guinee: Loof die Here vir alle pogings om Bybels in hierdie land te versprei. Bid dat die Bybelgenootskap meer mense, veral die jeug, met die Bybel sal bereik en ook dat hulle landgenote werklik bybelse beginsels sal uitleef. Bid dat die Bybelgenootskap Bybelmateriaal sal beskikbaar stel wat meer mense in die Bybel sal laat belangstel.

VERSKEIDENHEIDSKONSERT
ten bate van
HUIS ARISTEA
(Bespreek by die kerkkantoor)

Kunstenaars: Zanne Stapelberg de Lange, Stef Kruger en die Ou Menere.

Vrydag, 20 Oktober
om 14:30 by die Agenbagsaal, Huis Aristea
Toegang: R70 / volwassene
R50 / Pensionaris

Saterdag, 21 Oktober
om 18:30 by NGK Bergsig se Ouditorium
Toegang: R70 / volwassene
R50 / Pensionaris en kinders

D4J "WORSHIP NIGHT"
Almal word uitgenooi na D4J se **"Worship Night"** op **13 Oktober** om 19:00 by Oakhill! Dis gratis en jy kan jou kaartjie kry by: www.d4j.co.za
Boekmerk dit sommer vandag nog!

WIE IS MET VERLOF
Ds. Andrè Agenbag
- 30/9 – 06/10

Ds. Andrè van Wyk
- 28/10 – 29/10

Ds. Jana Dickason
- 02/10 – 08/10

Dr. Tinus van Zyl
- 04/10 – 08/10
- 27/10 – 29/10

In geval van nood kontak gerus die kerkkantoor of enige van die leraars wat aan diens is.

GEMEENTEBULLETIN

Durbanville Gemeente

KERKKANTOOR
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.
Verw: *bv. RVos / MDO*

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 1 OKTOBER 2017	VOLGENDE WEEK 8 OKTOBER 2017
09:00	Kerk: Klassieke diens	*Teks: Filippense 3* Dr. Tinus van Zyl Lentetee & Doop	Ds. André van Wyk

VANDAG IS BIDDAG VIR OUER PERSONE

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG
Andrew en Carin Kok, Nelia van Niekerk, Susie Groenewald, Babs Herbst, Elsa Andrag, Albert Burger, Johan Benade en Elmarie Swart.

DIE SPESIALE OFFERGAWE VANDAG GAAN AAN HUIS ARISTEA

KERSSPEL
Ons beplan 'n Kersspel op 3 Desember! Ons sien baie uit en wil almal nooi om betrokke te raak. As jy wil deel wees van hierdie aand kontak **ds. Jana Dickason of Etienne Snyman.**

ALMAL WORD HARTLIK UITGENOOI NA DIE TEE/KOFFIE IN DIE TUIN NA DIE EREDIENS

DOPE VANDAG
Baie geluk aan die volgende ouers wat hulle babas vandag ten doop bring:

- Evans en Méri Coetzee doop vir Charl Ivan Evans.
- Ben-Louis en Grace Geldenhuys doop vir Evan Benjamin.
- Peter en Gerda Schilder doop vir Peter Gerrit (PG).
- Jacques en Linnea Rood doop vir Miné.

Ons versoek asseblief dat geen fotograaf tydens die doop opstaan, rondbeweeg, en foto's neem wat geluide en flitse maak nie.

Ons beveel aan dat 'n familielid of vriend heel voor sit om die doop self op video op te neem, sodat hulle dit later vir die kindjie kan wys. Foto's kan ook na die diens in die liturgiese ruimte geneem word.

GEMEENTE FINANSIES

Die Kerkraad van Durbanville Gemeente het op ‘n kerkraadsvergadering van 19 September 2017 besluit om die volgende insake die gemeente se finansiële posisie aan ons lidmate te kommunikeer:

- As gevolg van die dramatiese afname in die gemeente se inkomste uit lidmaatbydraes (nagenoeg 20% minder as die vorige boekjaar) en ten spyte van inkorting en verantwoordelike bestuur van ons uitgawes, het ons tans 'n maandelikse tekort van nagenoeg R150 000.

- Die kerkraad was gevolglik genoodsaak om 'n bykomende kredietfasiliteite van R400 000 aan te gaan om ons kostes vir nog twee maande te kan dek.

- Daar is reeds ‘n formele proses geïnisieer om verdere kostebesparings te implementeer.

- In die lig hiervan neem ons die vrymoedigheid om ‘n beroep op ons lidmate te doen om in biddende afhanklikheid van die Here na te dink oor hul finansiële bydraes tot die bediening van Durbanville Gemeente.

Die kerkraad en predikante nooi lidmate uit om saam met ons hieroor te besin en geloofsonderskeidend voor die Here hierdie pad te stap. Maak gerus ‘n afspraak met enige van die Kerkraadslede en predikante indien jy hieroor wil gesels.

Ons as kerkraad se bede is dat hierdie finansiële uitdaging ons so sal saam bind om as "Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld" te kan leef.

“VREUGDEVOL VRY!” ‘N REEKS OOR DIE VYFHONDERDJARIGE VIERING VAN DIE REFORMASIE

Vanaf Sondag, 22 Oktober begin Durbanville Gemeente ‘n 40-dae-reis oor die vyfhonderdjarige viering van die Reformasie: “Vreugdevol Vry!”

Die reeks behandel die belangrikste temas van die Reformasie en telkens word daar ook aandag gegee aan die Woord asook ‘n prominente Hervormer.

Hierdie reeks wil ons help om uit te vind hoedat die Reformasie jou en my lewe raak: Hoe hou ons aan om te reformeer? Daar is boekies vir kleingroepe teen R50 elk, asook leiersgidse en ‘n DVD beskikbaar by die kerkkantoor.

22/10	Hou op probeer: Net genade	Martin Luther	Ef. 1:-14
29/10	Ontvang rus: Net geloof	Petrus Waldo	Heb. 12:1-3
5/11	Meer as genoeg: Net Jesus	Jan Hus	Ef. 2:1-10
12/11	Ontdek hoe om te leef: Net die Bybel	John Wycliffe	Heb. 4:12-13, Ps.19
19/11	Die lewe is ‘n lied: Net tot eer van God	Johannes Calvyn	1 Kron. 29:10-19
26/11	Voel God se ritme: Om gestuur te wees	John Knox	1 Pet. 2:1-17